



**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU vir CHO**  
**Reeks H: Inougurele Redes Nr. 19**

**COPERNICAANSE WENDINGE IN DIE  
WESTERSE KULTUUR**

**C.N. Venter**

**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**  
**1976**

## COPERNICAANSE WENDINGE IN DIE WESTERSE KULTUUR

Die begrip *kultuur* kan aangedui word as 'n sorgsame wyse van lewensindienststelling of lewenstyl voortvloeiende uit een of ander bepaalde godsbegrip en 'n deur daardie bepaalde godsbegrip genormeerde etos en toekomsverwagting as tradisie.

Kultuur is nie slegs mensewerk nie – dit word altyd eweseer gedra deur die voorsienigheid van God – of die mens dit weet of nie.

'n *Kultuur patroon* kan min of meer omskrywe word as 'n harmoniese lewenstyl of lewenspatroon wat bestaan uit sekere gedraginge en verworwenhede wat deur middel van tradisie aan 'n sekere groep mense – baie dikwels 'n volk of meerdere volkere – oorgedra is.

So gesien is daar nie 'n wesentlike verskil tussen die begrippe kultuur en kultuurpatroon nie.

Met *Westerse* kultuur bedoel ek, globaal geneem, die *beskaafde blanke* kulture waar die kerstenende en beskawingsproses reeds sy stempel afgedruk het; daardie volkere waar daar vir geslagte reeds nie meer sendingwerk gedoen word nie. Die *Westerse* kultuur kan dus baie eeue reeds getipeer word as 'n Christendomlike of teo-sentriese kultuur soos dit voortgevloei het uit kennis van die openbaring deur God van Homself in Sy Woord en in Sy werke.

Kultuur berus ten diepste op *kennis*, want kultuur vloei uit kennis voort en alle kennis is ten diepste gebaseer op kennis van God soos deur Homself geopenbaar. Geen ware kennis van die wêreld is moontlik sonder 'n voorkennis dat God die skepper en onderhouer van die wêreld is nie, al word hierdie voorkennis geheel of gedeeltelik misken of selfs ontken.

Die aanleiding tot die onderhawige studie was een enkele woordjie wat my die afgelope tyd telkens getref het en wat aanleiding gegee het tot bepeinsing en nadere bestudering, naamlik die woord *kennisontploffing*. Wat is die sogenaamde kennisontploffing wat in die Weste plaasgevind het sedert die Reformasie en die Renaissance?

As ons die diepe sin van die sogenaamde kennisontploffings wil verstaan, moet *godsbegrip*, *wêreldbeeld* en *kultuur* in die regte verhouding tot mekaar gesien word. Hieruit kan my probleemstelling nou soos volg geformuleer word. Dit kom kortliks daarop neer dat ek wil probeer aantoon:

- \* dat die sogenaamde kennisontploffings in die *Westerse* kultuur eers kon plaasvind nadat daar van die inkerkerende voor-Copernicaanse geosentriese wêreldbeeld losgebreek kon word op grond van 'n skriftuurlike Godsbegrip;
- \* dat dit eeue van geloofsarbeid, geloofstryd en geloofsmoed gekos het om

deur die ingebeeelde knellende beperkings van 'n heidense, geosentriese wêreldbeeld te breek na ons huidige heliosentriese wêreldbeeld soos gebaseer op 'n skriftuurlike Godsbegrip; en laastens,

\* dat die sleutel tot hierdie deurbraak die selfopenbaring van God in Sy Woord sowel as deur Sy werke was – veral in en deur die vasstelling van die kanon van die Heilige Skrif en die verspreiding daarna van die volle Evangelie dwsaroor Wes-Europa.

In volgorde behandel ek dus:

*Eerstens:* Die voor-Copernicaanse geosentriese Ptolemaeise wêreldbeeld;

*Tweedens:* Die opstelling van die kanon van die Heilige Skrif en die geleidelike deurwerking van 'n min of meer algemeen aanvaarde skriftuurlike Godsbegrip;

*Derdens:* Die Copernicaanse wending en die heliosentriese wêreldbeeld wat uit hierdie skriftuurlike Godsbegrip voortgevloei het; en

*Laastens:* Die aanbreek van 'n nuwe, figuurlike *Copernicaanse wending* in ons huidige tydsgewrig met 'n tot nog toe onduidelike omlynde Godsbegrip.

Die belangrikste *Westerse voor-Copernicaanse wêreldbeeld* is opgestel en in besonderhede uitgewerk deur Claudius Ptolemaeus, 'n Griekse astronoom, geograaf en wiskundige. Sy geskryfte het veertien eeue lank, vanaf die tweede eeu n.C. tot by Copernicus in die sestiende eeu n.C., die kennis en wêreldbeeld van iedere beoefenaar van die sterrekunde bepaal.

Die wêreldbeeld van Ptolemaeus was *geosentriese* van aard; dit wil sê dit het berus op die voorveronderstelling dat die natuurlike toestand van die aarde 'n toestand van rus was. Die aarde het onbeweeglik in die middelpunt van die wêreld gestaan terwyl die hemelliggame, waarvan die son die belangrikste was, sirkelvormig om die aarde beweeg het.

Agter hierdie geosentriese wêreldbeeld het onder andere 'n *heliosikliese* afgods-begrip skuilgegaan. Dit wil sê, die son is beskou as 'n god wat siklies om die aarde beweeg het. Die Ptolemaeiese wêreldbeeld was nie in die eerste plek op eksakte kennis gebaseer nie, maar op die onBybelse wysbegeerte van Aristoteles wat uit die vierde eeu v.C. gedateer het. Met Aristoteles het Ptolemaeus geglo dat die hemelliggame hulle met uniforme snelheid langs sirkelbane of episikels om die aarde beweeg het.

Sekere empiriese gewens waaroor die astronomie in Ptolemaeus se tyd al beskik het, het egter teen hierdie filosofie ingedruis. Gevolglik moes die teorie telkens aanpassings ondergaan. Soos die waarnemings van die hemelliggame toegeneem het, moes mettertyd al meer episikels, ook van 'n tweede, derde en hoër orde, ingevoer word om die teorie met die empirie te laat klop.

Dit moet in gedagte gehou word dat die wysbegeerte van Aristoteles waarby Ptolemaeus aangeknoop het, weer gebaseer was op vroeëre heidense wêreld-

beelde wat op hulle beurt weer gebaseer was op heidense afgodsbegrippe waarvan sommige of die meeste heeltemal prehistories was. Van Griekeland in die Ooste tot Denemarke in die Weste en selfs nog verder Wes in Amerika, kry ons uit die vroegste tye die voorstelling dat die son 'n god is wat byvoorbeeld deur 'n wa met vurige perde rondom die aarde getrek word. Die ruiter en wa verskyn soggens in die Ooste en verdwyn saans in die Weste.

Maar nie net die son is as 'n god vereer nie; ook die ander hemelliggame, die aarde en alle natuurdinge en natuurkragte soos grond, water, vuur, ens. is as gode bejeën. Agter die Ptolemaeïese wêreldbeeld sit dus eeue en eeue se bygeloof, ongeloof, en vrees vir allerlei natuurgode en selfgemaakte, ingebeelde binnewêreldse gode — in die hemel, op die aarde, onder die aarde en selfs in die waters onder die aarde. Teen hierdie afgode en die geloof in hierdie afgode het God hom al in die Sinaitiese woestyn in die eerste tafel van Sy Wet gerig. God laat dit in die Nuwe Testament nog duideliker blyk. Kragtens Rom. 1 vanaf vers 18 is dit duidelik dat die toorn van God van die hemel af geopenbaar word oor al die goddeloosheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid, naamlik die ware kennis van God, onderdruk. Want wat van God geken kan word, word in hulle geopenbaar. Góð het dit aan hulle geopenbaar. Want Sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in Sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik Sy ewige krag en heerlikheid, sodat die mense geen verontskuldiging gehad het nie. Maar alhoewel hulle God geken het, het hulle Hom nie as God verheerlik en gedank nie; maar hulle het dwaas geword in hulle oorlegginge en hulle onverstandige harte is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook aan die begeerlikhede en onreinheid van hulle harte oorgegee — hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid.

Dit was uit hierdie gebrek aan kennis van die ware God, en uit vrees vir al die skepsels en allerlei ander ingebeelde binnewêreldse afgode wat die Ptolemaeïese wêreldbeeld ontstaan het. Son, water, vuur en alle ander natuurkragte, skeppinge van Gods hand, is as gode vereer en uit vrees gedien. In die voor-Copernicaanse geosentriese wêreldbeeld het al hierdie afgode en die bygeloof in hulle, hulle rol gespeel om ware kennis van God en Sy werke in ongeregtigheid te onderdruk.

Omdat dit algemeen aanvaar word dat die oorsprong van die Westerse kultuur in die Grieks-Romeinse wêreld wortel, moet die aandag veral gevestig word op die rol wat die aanbidding van die *son as god* in hierdie groot antieke beskawings gespeel het.

In die Griekse mitologie is die songod Helios genoem. Hy was die seun van Hyperion en Thea, en sou saam met sy suster Aurora, godin van die dagbreek, in die Ooste gewoon het. Elke oggend het Helios uit Aurora se paleis verskyn in sy vuurrooi wa en sy tog deur die hemele begin, om saans in die Westelike oseaan sy perde eers te laat afkoel voordat hy na sy verblyfplek in die Ooste terugkeer. Helios sien alles, het die Griekse digters gesê, en partymaal het hy van sy kennis aan die aardbewoners meegedeel. Veral hierdie eienskap van hom as bron van kennis is in latere tye aan Apollo toegeskryf met wie hy toe vereenselwig en verwar is. Helios het fisiese en biologiese hitte, lig en vrugbaarheid gebring. Apollo is meer met innerlike, geestelike of verstandelike lig en kennis geassosieer. Die groot kolos op die eiland Rhodes, wat een van die sewe wonders van die antieke wêreld was, is na bewering ter ere van die songod Helios opgerig.

In die Romeinse wêreld is hierdie songod Sol genoem. Maar ook die Mithrasdiens wat so wydverspreid was in die Romeinse ryk net voor en tydens die koms van Christus is hier van belang. Mithras was die god wat lig gebring het, geestelike sowel as fisiese lig, en daarby was hy handhawer van orde en geregtigheid.

In die Ou Testament lees ons van die stad On. Dit dui op die stad Heliopolis in Egipte, destydse hoofstad van die Egiptiese sonkultus en sogenaamde setel van *die regsbank van die gode*. In Gen. 41 vers 45 lees ons dat Josef die dogter van die priester van On tot vrou gekry het, en dat die hele organisasie en berging van Egipte se voedselopbrengs gedurende die sewe jare van oorvloed aan hom opgedra is omdat hy met sy Godskennis die farao se droom kon verklaar terwyl die priesters van die songod dit nie kon uitlê nie. Sy insig en organisasievernuw staan hier in direkte verband met sy begrip van God as Skepper en Onderhouer van die wêreld. Dit staan ook téénoor die magteloosheid van 'n farao en priesters wat hulself afhanklik en in diens gestel het van die son as god.

Ook in die verre Weste tot waar dit weer die Ooste ontmoet, is die son as 'n god vereer en gedien. In Denemarke, om maar by die nabye Weste te bly, is 'n afbeelding gevind van die songod wat op 'n wa deur 'n perd op sy wentelbaan getrek word. Hierdie afbeelding dateer uit die Deense bronstydperk – dit wil sê ongeveer 1 000 jaar vóór Christus.

Dit is hierdie heliosikliese godsbegrip wat die Ptolemaiese wêreldbeeld ten grondslag gelê het. Dit spreek vanself dat binne so 'n wêreldbeeld, of binne so 'n in-gebeelde wêreld, daar nooit 'n Newton met 'n swaartekragwet te voorskyn sou kon kom nie. Met so 'n heliosikliese godsbegrip en daarop gebaseerde geosentriese wêreldbeeld kon van algemene kultuurkunde in die sin van doelbewuste beheersingskunde weinig sprake wees. Die mens het nie en kon nie sy afgode beheers nie. Sy afgode, dit wil sê die ganse natuur, het hóm beheers – dit het sy hele gees en sy geloof, sy hele lewenspatroon en sy

kultuur beheers. Binne so 'n kultuurpatroon was kennis kragtens die Copernicaanse heliosentriese-georiënteerde wêreldbeeld ondenkbaar.

Die wêreldbeeld van die Bybelskrywers was óók geosentriese. Hulle godsbegrip was egter teosentriese. Josua sê wel (Jos. 10:12) „Son, staan stil in Gibeon, en maan, in die dal van Ajalon”; en Jesaja sê aan Hiskia dat die son tien grade op Agas se sonnewyser sal teruggaan (Jes. 38:8). Maar in beide gevalle geskied dit in biddende opsien tot God wat geken en erken word as Skepper en Onderhouer van hemel en aarde — dit wil sê van die wêreld — deur Sy voor-sienigheid.

Die wêreldbeeld is hier duidelik geosentriese, dit wil sê die son draai vir hierdie skrywers om die aarde. Hulle God, die almagtige God van die Skrif, is egter bo en buite aarde én son. Tot Hom bid hulle en nie tot die songod soos die heidene nie. Hoewel die Bybelskrywers se verstand deur die Gees van God verlig is en God Homself — ook in en deur hierdie bepaalde wonders wat Hy na aanleiding van Josua en Jesaja se gebede laat plaasvind — as alomteenwoordige buitewêreldse Skepper en Onderhouer van hemel en aarde geopenbaar het, spreek en skrywe hulle in die voorwetenskaplike geosentriese idioom van hulle tyd soos dit bepaal is deur die heliosikliese godsbegrip van die heiden-wêreld.

Ons eie voorwetenskaplike wêreldbeeld is vandag ook nog geosentriese. Ons sê ook: *Die son kom op of die son gaan onder.*

Almal wat God in so 'n mate voorwetenskaplik ken, kán wel die aarde beheers deur dit te bewerk en te bewoon want hulle vrees nóg son nóg maan nóg enige ander natuurding of skepsel naas God as God — die Skepper en Onderhouer van die wêreld. Hier is sprake van voorwetenskaplike kultuurkunde in die sin van beheersingskunde. In die voor-Copernicaanse heidendom was die wêreld, dit wil sê die hemel en die aarde, egter vol gode, demone en skrikwekkende natuurkragte gewaan én tot so 'n mate gevrees dat die heidenmens sy wêreld nie fisies of geestelik op sorgsame wyse deur ware kennis kon beheers nie maar die ware kennis sorgeloos in ongeregtigheid onderdruk het. Hierdie wêreldbeeld wat ook Ptolemaeus se denke ten grondslag gelê het, het die mens tot en met die sestiende eeu n.C. binne-in 'n denkbeeldige sfeer soos in 'n kerker vasgevang. Ptolemaeus se hoofwerk *Syntaxis Mathematica* was tot in die sestiende eeu nie alleen die handboek van elke sterrekundige nie maar sy stelsel is ook amptelik deur die kerk as in ooreenstemming met die leer van die Bybel verklaar. Bewys hiervan is die optrede van die amptelike kerk teen Copernicus en Galileo. Die kennis van die openbaring van die enige ware God selfs in Sy werke is deur bygeloof verswelg en ware Godskennis is langs hierdie weg ook amptelik deur die kerk in ongeregtigheid onderdruk.

Met die koms van Christus het die Koninkryk van God egter reeds op aarde aangebreek en stilweg het die Gees van God magtig en sterk deurgewerk in

die kanonisering van die Heilige Skrif en die verspreiding van die Evangelie om tydens die sestiende eeu met die Copernicaanse wending die inkerkerende wêreldbeeld van Ptolemaeus oop te breek en die ware Godskennis en dus alle kennis as kennis van die openbaring van God openbaar te maak. Kennis van God en Sy selfopenbaring kon nie langer in ongeregtheid onderdruk word nie. Almal moes sedertdien van Hom kennis neem en Hom bewus of onbewus erken, misken of totaal ontken of Hom dood verklaar – maar met God moes rekening gehou word. Selfs in die moderne God-is-dood-kultuur is die mens nog steeds bewus daarvan dat die skepping geen god is wat gevrees en gedien hoef te word nie.

Daar is veral twee faktore in die geskiedenis van die Westerse kultuur wat vir hierdie ommekeer in wêreldbeeld in berekening gebring moet word, naamlik: *Die vasstelling van die kanon van die Skrif, en die verspreiding van die volle Evangelie deur skriftuurlike Godskennis.*

My volgende punt handel hieroor.

Gen. 1:1 begin met die woorde: „In die begin...” en in Gen. 1:3 staan: „En God het gesê...”. God het dus deur sy Woord geskep.

Die Evangelie volgens Johannes begin, onder die opskrif *Die vleeswording van die Woord*, met die woorde: „In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie...” (Joh. 1:1). Ook nie kennis nie.

God openbaar Homself aan die mens deur sy Woord en deur Sy werke. Sy Woord het egter Sy werke voorafgegaan, en so gebeur dit nog steeds.

Die kanonisering van die geïnspireerde opskrifstelling van die Woord van God het eeue geduur. Waarskynlik het Ezra en Nehemia al heelwat gedoen om die geïnspireerde te skrifgestelde Woord van God in die Ou Testament te versamel en te begin kanoniseer. Die boeke van die Nuwe Testament soos ons dit vandag ken, vind ons vir die eerste keer vermeld in die Paasbrief van Athenasius uit die jaar 367 n.C. dit wil sê eers teen die einde van die vierde eeu n.C. Sedert die apostoliese tydperk het dit dus nog ruim vierhonderd jaar geduur om net alleen die kanon van die Heilige Skrif vas te stel voordat daar 'n begin gemaak kon word met die sistematiese bestudering en bepeinsing van die volle selfopenbaring van God in Sy geskrewe, gekanoniseerde Heilige Skrif.

Elders het ek aangedui dat die eintlike Christendomlike periode in die geskiedenis van die Westerse kultuur eers van ongeveer die vierde eeu n.C. tydens die regering van Konstantyn die Grote onderkenbaar is. Dit was min of meer ook in hierdie selfde tyd dat die kanonisering van die Skrif voltooi was.

Met die primitiewe tegnieke en kommunikasiemiddele van daardie vroeë eeu in gedagte, kan mens jou enigsins inbeeld hoe langzaam en tydsam die

selfopenbaring van God deur die Heilige Gees én deur die voorsieningheid van God kon deurwerk tot die hart en verstand van die breë massas bygelowige heidene met hulle geosentriese wêreldbeeld en hulle vrees om hierdie wêreld sorgsaam te beheers, te bewerk en te ontgin. Vooraf moes dit eers langsaam langs die weg van wedergeboorte en bekering tot hulle hart en verstand deurwerk dat dit nie die skepping is wat goddelik van aard is en dus gevrees en gedien moes word nie, maar dat die God van die Skrif die Skepper van hemel en aarde is en dat dit Hy is wat geken, gedien en gevrees moet word.

Hierdie God, hierdie eertyds *onbekende God* soos Paulus hom op die Areopagus genoem het, Hý is die Skepper en Onderhouer van hemel en aarde. Hý moet gevrees en in en deur die kultuur gedien word. Om daartoe te kom, moet Hy eers *geken* word. Die mens kan nie bewustelik God in en deur sy kultuur dien as hy God nie ken nie. Die vraag is nou: Hoe het hierdie *onbekende God*, die Skepper en Onderhouer van die wêreld sedert die kanonisering van Sy heilige Woord die *bekende God* van die Westerse wêreld geword?

Die antwoord hierop is, kortliks, deur Sy voorsienigheid. Die sogenaamde „donker” Middeleeue was, wat Godskennis betref, hoegenaamd nie so donker nie. Die Middeleeue is ook meermale reeds getipeer as die Christelike Middeleeue of die teosentriese tydvak in die geskiedenis van die Westerse kultuur. Prof. M.C. Smit merk, ook met verwysing na die werk van Berkhof oor Christus as die sin van die geskiedenis, in hierdie verband op dat, hoe krities ons ook al staan teenoor die voorstelling van die Middeleeue as Christelike Middeleeue ons tog ten volle moet erken dat die Christendom tydens hierdie selfde Middeleeue kragtig deurgewerk het ten spyte van alle teenwerkende kragte en skadelike opvattings. Die kloosterwese word algemeen beskou as een van hierdie skadelike of teenwerkende kragte. Ek wil nie die kloosterwese idealiseer nie; intendeel. Maar ek wil dit ook nie veroordeel soos algemeen gedoen word aan die hand van die latere verval en ontaarde beeld daarvan nie. Na my oordeel was die kloosterwese, mét sy gebreke, juis een van die poorte waardeer daar van die Ptolemaeïese wêreldbeeld deurgebreek is na die heliosentriese Copernicaanse wêreldbeeld. Die kloosterlinge was die vyfde kolonne van die Koninkryk van God binne-in die ingebeelde Ptolemaeïese wêreldbeeld. 'n Mens kan amper sê die geslote Ptolemaeïese wêreldbeeld is deur die kloosterwese van binne uit oopgebreek en omgedop tot die Copernicaanse wêreldbeeld. Nadat hulle hierdie rol in die loop van die geskiedenis vervul het, *het* hulle verval en ontaard. Maar die sleutel tot die vervulling van hulle roeping was die kennis en begrip van die teo-sentriese God wat in hierdie kloosters uit die gekanoniseerde Heilige Skrif opgediep en oor die hele Westerse wêreld versprei is.

Vir die koms van die Koninkryk van God was die Middeleeue 'n belangrike tydvak en net so 'n onmisbare skakel in die ketting van die heilsgeskiedenis as enige ander periode in die geskiedenis van die Westerse beskawing, insluitend



de ons eie tyd. Deur afsondering in die kloosters en die bestudering en oorpensing van die selfopenbaring van God in sy gekanoniseerde Heilige Woord het mettertyd 'n *Teologie* ontstaan omtrent God as Skepper en Onderhouer van hierdie wêreld deur Sy voorsienigheid. Binne die ingebeelde, ingekeerkerde heidense Ptolemaïese wêreldbeeld het die kloosterlinge hulle nog dieper teruggetrek en afgeskei, letterlik en figuurlik, van die omringende heidenwêreld en 'n verwêreldlikte kerk. Diep in die kloosters het toegewydes letterlik en figuurlik probeer om aan 'n stukkie van die reeds gekome Koninkryk van God en die Nuwe Jerusalem gestalte te gee.

Buite die kloosters was nie alleen 'n verwêreldlikte kerk en 'n bese heidense wêreld vol afgode, demone, hekse en so meer nie. Nog wyer om was hulle omsluit deur 'n vals heidense wêreldbeeld. Van buite af kon, menslik gesproke, geen ware kennis van God na binne dring nie. En tog is dit juis wat deur die wonderbaarlike werking van die Heilige Gees gebeur het. Want binne die kloosters was dit ook nie altyd so rein en heilig asof daar werklik 'n stukkie hemel was nie. Ons moet onthou ons het met sondige mense te doen wat nog skaars die heidendom afgeskud het — hulle wou dit juis nog angsvallig ontvlug. Maar in en deur hulle swakheid is juis die krag van God volbring. Met Copernicus en sy tyd- en geesnote sou die mens deur die voorsienigheid van God teen die sestiende eeu vanuit hierdie kokonomhulsel na buite dring nadat die Heilige Gees op geheimenisvolle wyse die selfopenbaring van God na binne gedra het.

Dit was, en dit moet beklemtoon word, nie slegs mensewerk nie. God het op Sy wyse swak en nietige maar verlose sondaars so in diens van sy Koninkryk gebruik. Dit was die sogenaamde Copernicaanse wending, die eerste, die grootste, en die betekenisvolste kennisontploffing wat 'n radikale omwenteling in wêreldbeeld meegebring het, naamlik dat nie die aarde die vaste punt is waaromheen die son beweeg en in sy gewaande „goddelike” majesteit alles deurskou wat in die wêreld gebeur nie, maar dat die aarde om die son beweeg en dat alles van oomblik tot oomblik deur God onderhou word. God was die vaste punt.

Hierdie eerste en groot kennisontploffing het soos 'n kettingreaksie die een kennisontploffing na die ander tot gevolg gehad tot hede vandag toe — en die einde is nog nie in sig nie.

So het byvoorbeeld vanuit die vroeë strenge orde van Benedictus, wat ook later weer verval en ontaard het nadat sy roeping vervul was, die monnike, gedryf deur die liefde tot God, die grond ontgin, bebou en allerlei landboumetodes ontwikkel. Dit in teenstelling tot die antieke wêreld met sy Ptolemaïese wêreldbeeld waar arbeid slawetaak was. 'n Vryman het toe nie gewerk nie. Arbeid as roeping in die skriftuurlike sin van die woord was totaal onbekend.

Hier het die Middeleeuer aan onderskeidelik die Reformasie en die Humanisme met betrekking tot arbeid 'n kulturele roepingsbesef en 'n arbeidsbewustheid as 'n groot skat nagelaat. Dit het mettertyd selfs die afskaffing van slawe-arbeid meegebring.

Hierdie tradisie van arbeidsbewustheid het mettertyd gelei tot kragtige opbloeï van die Westerse kultuur, veral sover dit wetenskaplike kennis betref. Sowel die Reformasie as die Renaissance het as 'n sterk spoorslag kon dien vir alle latere kennisontploffings.

Kultuurbewustheid en kulturele roepingsbesef het dus natuurbeheersing, natuurkunde en natuurwetenskap voorafgegaan. 'n Totaal nuwe benadering tot die onmiddellike wêreld rondom die mens het tot stand gekom. 'n Nuwe siening van die natuur en natuurbeheersing het al duideliker vorm aangeneem en die mens het selfstandig geword teenoor die natuur. Hy het die natuur begin beheers op grond van sy nuut ontdekte Godsbegrip. Deur Sy voorsienigheid het God vir die Westering nou die *Groot Bekende* geword.

Hieruit het 'n nuwe lewensin ontstaan, en so is die geestesklimaat vanuit 'n nuwe kulturele roepingsbesef geskep vir Copernicus om met sy heliosentriese wêreldbeeld na vore te tree.

So het die besef van 'n nuwe sorgsame wyse van lewensindienstelling of lewenstyl deurgebreek. Eers hierná, en uit hierdie nuwe wêreldbeeld en kulturele roepingsbesef, kon die magtige Westerse kultuur vanaf die sestiende eeu opbloeï – ook in die manjifieke opbloeï van die natuurwetenskappe tot en met die onafgebroke reeks kennisontploffings van ons eie tyd.

Hiertoe het nie net die Christen nie maar ook die Jood en Arabier hulle bydrae gelewer, want die God van én Jood én Arabier is ook buitewêreldse Skepper-God. Teen hierdie agtergrond verskyn wetenskap en tegniek nie as rype vrugte van die antieke wêreld van heidense afgodediens en van die Aristoteliaanse filosofie en die Ptolemaeiëse wêreldbeeld nie, maar as die vrug van die deurwerking van 'n kennis en begrip van die selfopenbarende God as die alomteenwoordige Skepper en Onderhouer van hemel en aarde.

Dit is die vrug van die deurwerking van die volle Evangelie en van die bevrydende etos voortvloeiende uit die wet en die profete wat bygedra het tot die gepositiveerde reg deur die wêreldlike owerhede van die regsbeginsels van die Koninkryk van God in die Westerse wêreld. Dit alles het die hele Westerse kultuur die stempel gegee van 'n Christendomlike kultuur – of die humanis dit wil weet of nie.

Dit is die diepste grond en betekenis van die Copernicaanse wending in die Westerse kultuur, al word dit ook deur al die neutrale wetenskaplikes ontken.

Toe Copernicus se heliosentriese wêreldbeeld deur middel van sy *De revolutionibus orbium caelestium* in 1543 kort na sy dood wêreldkundig geword

het, het hy daarmee nie alleen die Ptolemaïese wêreldbeeld letterlik omgedop nie, maar het hy vir die Wes-Europese kultuur ontsaglike ruimtes geopen deur dit nie net binne bereik van ons begrip, dit wil sê van ons kennis, nie maar ook binne bereik van ons wetenskap en tegniek te bring. Dit is vir elkeen onmiddellik duidelik as 'n mens na 'n eenvoudige skets van ons huidige wêreldbeeld kyk. Die aarde verdwyn amper heeltemal in die grootste opset van die sonnestelsel soos ons dit vandag ken. Ontslagwekkende ruimtes is binne ons bereik gebring — nie net alleen kultuurmatig bereikbare vertes nie, maar selfs die eskatologiese vertes van die nog onvervalde profesieë is binne bereik van die begripsvermoë van die gelowige gebring om selfs deel van sy alledaagse voorwetenskaplike kennis en van sy wyse van lewensindienstelling te word — dit wil sê van sy lewenstyl, van sy kultuur.

Van hierdie eskatologiese toekoms leef die ongelowige van alle tye òf onbewus òf bewustelik wêg. Dit gebeur in toenemende mate dat, waar die gelowiges ná die eskatologiese toekoms heen leef, die ongelowige — en dit sluit die moderne Westerse kontrakultuur in — bewustelik of onbewustelik daarvandaan af wêg leef. Beide hierdie twee wyses van lewensindienstelling is tans kenmerke van die Westerse kultuur, hoewel die moderne heidendom alreeds die oorhand skyn te kry.

Uit die moderne heidense wyse van lewensindienstelling of kultuur, wat soos 'n parasiet op die Christelike erfgoed teer, is 'n tweede, nuwe en figuurlike *Copernicaanse wending* besig om tans in die Westerse kultuur te ontplooi. Hierdie tweede, figuurlike *Copernicaanse wending*, of miskien beter beskryf as die na-Copernicaanse wending, speel af in die tans byna geheel en al ontkerstende Westerse kultuur. God word deur Sy voorsienigheid weer die onbekende God.

Daar is egter 'n tweespalt in die voortgang van hierdie huidige ontkerstende Westerse kultuur. Daar het 'n vurk in die pad gekom — twee paaie loop tans uitmekaar. Op elk van hierdie twee paaie tref ons 'n ander soort moderne Westerse heidendom aan.

Die een pad is dié van die steeds voortrollende wetenskap en tegniek, van ruimtereise en atoombomme, van die een kennisontploffing na die ander. Die godsbegrip agter hierdie ontwikkeling is egter nie meer oorwegend die teosentriese Godsbegrip van die Skrif en die Belydenis nie hoewel dit nog steeds daarop parasiteer, maar hier word die religie van die kommuard in toenemende mate beoefen.

In hierdie religie van die kommuard word 'n nuwe afgod gedien: die afgod van die verabsoluteerde mensegemeenskap. Die alledaagse wyse van lewensindienstelling of die kultuur weerspieël ook nie meer die Christelike etos nie maar die sosiale etos — dit is 'n nuwe etos van 'n gewaande *corpus sociale*

en nie meer van die *corpus Christi* nie. Die doelwit wat nagejaag word is 'n horisontaalgerigte, binne-wêreldse doelwit of utopie, naamlik die sosio-ekonomiese welvaart van *Die Gemeenskap*. Dit kom voor soos 'n pragtige orgidee en is dan ook in werklikheid 'n dodelike parasiet wat teer op die erfgoed van die Christendom. Joodse skrywers en denkers, byvoorbeeld Karl Marx, het hier veral aanvanklik groot invloed uitgeoefen. Die uitgangspunt hier is dat die kloof wat deur die lewe geslaan is 'n sosio-ekonomiese kloof is.

Op hierdie pad tref ons gelukkig nog talle gelowige Christene en selfs Christelike wetenskaplikes aan. Die Christelike wetenskaplikes vorm egter die minderheid. Die pad van die ongelowige wetenskap wat teer op die erfgoed van die Christendom word al hoe breër.

Van laasgenoemde pad af weg, in opstand teen die idee van die sosiaal-ekonomiese welvaart van die gemeenskap en dus ook weg van die basiese erfgoed van die Christendom, beweeg die aanrollende kontrakultuur, ook grootliks gelei deur verteenwoordigers van hulle wat ál die eeue binne die Westerse kultuur geleef het maar nog nooit die Christelike geloof aanvaar het nie.

Sekere seksies van hierdie eksklusiewe groep of groepe lei tans bewustelik 'n opstand op protes, 'n *groot weiering*, sowel teen die eeueoue etos van die Christendomlike Westerse kultuur of lewenswyse of lewenstyl as teen die religie van die kommuard. Hulle noem dit welbewus *kontrakultuur* („counter culture”). Dit vind onder andere uiting in die studentebetogings wat tans oral in die wêreld aan die orde van die dag is en ook nou al hier in Suid-Afrika kop uitgesteek het.

Hulle gee voor om nie die sosio-ekonomiese welvaart van Die Gemeenskap te soek nie, maar die selfsugtige, hedonistiese *welsyn van die individu* – 'n strewende wat hulle baseer op wat ons kan noem 'n *genotsprinsipe*. Hierdie genotsprinsipe, gebaseer op 'n op die spits gedrewe individualisme, poneer hulle téénoor die huidige ontkerstende wyse van lewensindienstelling wat ek die religie van die kommuard genoem het en wat hulle – heel moontlik tereg ook – die *prestasieprinsipe* noem waarop die sogenaamde *consumer society* of die *establishment* gebaseer is. Die begrip *welsyn* het hier boonop nog 'n splinternuwe konnotasie wat die ouer garde Westeringe glad nie begryp nie, vandaar die volkome magteloosheid onder andere teenoor ons skynbaar uitgediende idee van 'n Publikasieraad of sensuurraad.

By die sogenaamde kontrakultuur het ons te doen met 'n ander soort parasiet as die waarna hierbo verwys is: 'n individualisties-georiënteerde en nie altyd welriekende parasiet nie wat onder andere deur middel van hulle pop-liedjies en hulle *pop-festivals* in hulle lewenswyse of wyse van lewensindienstelling of lewenstyl of in hulle *counter culture* laat blyk dat hulle hulle onder andere daarin verlustig om die *son* te besing en 'n deel van hulle lewens in die gloed daarvan in leeglé en niksdoen te koester.

Nietemin is die ou Christendomlike etos as die oorheersende etos van die Westerse kultuur besig om verby te gaan. Dit gebeur egter nie oral spontaan nie. Hier sit dikwels doelbewuste metode en organisasie agter. Persoonlik glo ek nie dat dit sonder meer net aan *die Kommuniste* toegeskryf kan word nie.

Die kenbron van hierdie kontrakultuur is nie kennis van die openbaring van God nie, maar wat onder andere deur een van hulle belangrikste voordenkers en voorgangers, Herbert Marcuse, genoem word die *kognitiewe fantasie*. Ons het hier weer met 'n wesentlik en totaal ander soort kennis te doen as of die geosentries-georiënteerde of die heliosentries-georiënteerde kennis.

Ek weet nog nie hoe mens hierdie soort kennis eintlik behoort te noem nie. Dit is 'n derde soort kennis waarmee die Westerse wêreld nou gekonfronteer word en wat nie op 'n heliosentriese wêreldbeeld en 'n teosentriese Godsbegrip gegrond is nie. Die wêreldbeeld waarmee ons by hierdie jongste soort kennis te doen kry, is 'n mistieke, half-Oosterse fantasiewêreld waarin kunstenaars as sogenaamde profete optree. Die kunstenaar word sommer al gebore met dié een groot gawe — die gawe om te kan fantaseer, of beter, om fantaserend te profeteer. Met ander woorde, 'n kunstenaar is 'n gebore profet!

Hier moet veral die gelowige kennis neem van en in die toekoms deeglik rekening hou met 'n gans nuwe en wesenlik andersoortige kennisontploffing met 'n gans nuwe wêreldbeeld — 'n kontrakultuur, dit wil sê, 'n kontra-Christendomlike sowel as 'n kontra-kommunardiese wyse van lewensindiensstelling met 'n godsbegrip wat op nadere bestudering wag.

Sonder 'n helderomlynde wêreldbeeld en selfs landsbeeld in die sin onder andere van 'n vaderlandsbeeld kan mens nie die vakwetenskap Kultuurkunde beoefen nie. In die Kultuurkunde is ons besig om te onderskei tussen die begrippe lewensbeskouing en wêreldbeskouing. Ons ou begrip lewens- en wêreldbeskouing word in sy twee komponente onderskei ten einde vas te stel in welke mate die begrippe wêreldbeeld en wêreldbeskouing mekaar dalk oorvleuel.

Ek wil graag met u samewerking die bestudering onder ander van die nuwe opstuwende kontrakultuur met sy vreemde wêreldbeeld en mistieke godsbegrip aan sommige van my studente van die toekoms opdra en dit saam met hulle bestudeer. Deur die vertrouwe wat u in my stel, word ek deur my benoeming tot professor in Kultuurkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in staat gestel om aan studente leiding te mag gee onder andere in navorsing oor die wedersydse verhouding wat daar behoort te bestaan tussen Christelik-georiënteerde kennis en Christelike kultuur.

## **BRONNE**

- BLAMIREs, H.** 1963. *The Christian mind*. London, SPCK.
- BRINTON, C.C.** 1963. *Ideas and men; the story of Western thought*. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall.
- BUTTERFIELD, H.** 1958. *The origins of modern science, 1300-1800*. London, Bell.
- DAWSON, C.** 1962. *De Christelijke cultuur als historische werkelijkheid*. Utrecht, Het Spectrum.
- DAWSON, C.** 1953. *De Schepping van Europa*. Utrecht, Het Spectrum.
- GRANT, E.** 1971. *Physical science in the Middle Ages*. Pretoria, Universitas.
- KUIJPER, F.** *Geloof en wereldbeeld; een cultuur-historische studie*. Franeker, Wever.
- MERTON, R.K.** 1970. *Science, technology and society in seventeenth century England*. New York, Fertig.
- MARCUSE, H.** 1969. *De een-dimensionale mens; studies over de ideologie van de hoog-industriële samenleving*. Bussum, Brand.
- MARCUSE, H.** 1971. *Eros en cultuur; een filosofische bijdrage tot het werk van Sigmund Freud*. Utrecht, Bijleveld.
- POLAK, F.L.** 1955. *De toekomst is verleden tijd; cultuur-futuristische verkenningen*. Utrecht, Haan. 2 dle.
- POLAK, F.L.** 1968. *Prognostica; wordende wetenschap schouwt en scheidt de toekomst*. Deventer, Kluwer. 2 dle.
- REID, W.S.** 1966. *Christianity and scholarship*. Nutley, Craig Press.
- ROSZAK, T.** 1970. *The making of a counter culture; reflections on the technocratic society and its youthful opposition*. London, Faber.
- ROSZAK, T.** 1969. *Where the wasteland ends*. New York, Doubleday.
- SMIT, M.C.** 1955. *Het Goddelijk geheim in de geschiedenis; rede uitgesproken bij de aanvaarding van het ampt van Hoogleraar in de Geschiedenis der Middeleeuwen en in de Theorie der Geschiedenis aan de Vrije Universiteit te Amsterdam*. Kampen, Kok.
- SMIT, M.C.** 1959. *Cultuur en heil; rede uitgesproken bij de viering van het 7e lustrum der Oratorische Vereniging A.G.O.R.A. van het studentencorps aan de Vrije Universiteit op Dinsdag, 10 November 1959*. Amsterdam.
- STOKER, H.G.** 1933. *Die slakkehuisteorieë van die bewussyn; of iets oor die wese van die bewussyn*. Pretoria, De Bussy.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom, Pro Rege.

VENTER, C.N. 1969. 'n Calvinistiese kultuurbeskouing (*In: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Atoomeeu; in U lig. Potchefstroom. p. 310*).

VENTER, C.N. 1969. Volkslewe en kultuur. (*In: Du Toit, S. red. Die Koninkryk van God. Potchefstroom. p. 328*).

WHITEHEAD, A.N. 1933. Adventures of ideas. Cambridge, Univ. Press.

Ferdinand Postma-Biblioteek



0101100370

Gedruk deur PU